ELZETTE MINNAAR TOERE

Posbus 54107
Ninapark
0156
info@minnaartoere.co.za

Tel 012 546 0770
Tel 012 565 4883
Sel 082 761 7115
Faks 086 628 6146

www.minnaartoere.co.za

NAMAKWALAND & WESKUS TOER
25 AUG – 1 SEPT 2020

"Op die groot saaidag van die Heelal, het reeds 'n entjie duskant Wupperthal, oor die kaal Noordweste, 'n sakkie van die Heer se beste saad per ongeluk gelek, gelek ……. en uit geval….!" DJ Opperman

NAMAKWALAND en die WESKUS - 'n kombinasie van veldblomme, bokkems en atmosfeer! Kom saam na hierdie wêreld wat jaar na jaar homself tooi in die beste skouspel van kleure!

DI 25 AUG

Ons vertrek vanaf die Garden Court Hotel H/v Pretorius- en Endstrate na Lanseria lughawe van waar ons vertrek na **Kaapstad**. Tyd van vlug sal later bevestig word. Ons arriveer na ongeveer twee ure en ry vanaf die lughawe na **Seepunt** en reis dan al langs die see verby, Bantrybaai, Clifton, Kampsbaai, Llandudno tot by Houtbaai. Middagete by **Mariners Wharf** - die beste vis en skyfies in die Kaap! Na middagete gaan ons op 'n bootrit na **Duiker Eiland** om die robbe te sien. Ons ry weer terug met die mooi roete langs die see en stop by **Kampsbaai**. **Aandete en oornag Kaapstad.**

WO 26 AUG

Na 'n heerlike ontbyt vertrek ons na **Kirstenbosch** en spandeer twee ure in hierdie pragtige Botaniese Tuin. Ons verwonder ons aan die skoonheid van die omgewing en al die plante wat so welig groei! Ons vertrek vanuit Kaapstad na ons volgende bestemming - **Saldanhabaai** waar ons twee nagte oorslaap. Oppad besoek ons die blomryke **Postberg Natuurreservaat** met sy pragtige blomme, rotsformasies en bokke wat rustig wei. Hierdie reservaat is deel van die Weskus Nasionale Park. **Aandete en oornag Saldanhabaai.**

DO 27 AUG

Na ontbyt vertrek ons na **Paternoster en Tietiesbaai**. Hiervandaan ry ons verder tot by **Velddrif** en besoek die **Bokkemlaan. Bokkems** is gedroogde harders, dit word gesout en in bossies gehang om te droog en is **'n tradisionele lekkerny** van die **Weskus.** Ons stop by **"Oep vir Koep", Paternoster** se winkel waar allerlei produkte verkoop word. Ons gaan kyk ook na die befaamde kroeg van die hotel, maak 'n draai by die strand en volg dan die pad na die **Cape Columbine Natuurreservaat** en Tietiesbaai, waar **Pieter Pieterse** en sy Ingelsman gewoon het. Op ons pad terug na Saldanhabaai, draai ons af na **Jacobsbaai** en besigtig die klein kusdorpie. **Aandete en oornag Saldanhabaai.**

VRY 28 AUG

Na ontbyt vertrek ons in die rigting van **Piketberg**. Ons ry deur die dorp en neem fotos van die mooi NG Kerk wat deur **Carel Otto Hager** in die **Neogotiese styl** ontwerp is. Voort na Clanwilliam. Hierdie pragtige dorp in die Sederberge is **Rooibos** wêreld daarom besoek ons die **Rooibosteefabriek** vir 'n video oor Rooibostee Beperk en 'n verfrissende koppie rooibos tee! Ons kan ook allerlei rooibos produkte hier koop. Ons besoek ook die **Strassberger Velskoen-fabriek** waar ons kan skoene koop en deur die fabriek stap en kyk hoe dit gemaak word. Hierna besoek ons die **Ramskop Veldblomtuin** waar saad ook gekoop kan word. Ons bestemming vir vanaand is **Lambertsbaai** waar ons oornag. Vanaand geniet ons die heerlike verskeidenheid van kos by die opelug restaurant Muisbosskerm wat op die strand geleë is. **Aandete en oornag Lambertsbaai.**

SAT 29 AUG

Na ontbyt stap ons oor die **hawemuur** en besoek die bekende **Voëleiland,** broeiplek van duisende **malgasse.** Ons ry in die rigting van **Clanwilliam** en dan na **Klawer**. Ons besoek **Van Rijnsdorp** waar ons die **Vetplant Kwekery** besoek. Daarna vertrek ons na **Niewoudtsville** en ry oor die **Van Rhynspas** tot bo-op die kruin en kyk uit oor die Knersvlakte. Ons besoek die **Matjiesfonteinplaas** waar ons na die talle bolplante gaan kyk. Hier is 'n verskeidenheid van plante. Middagete by NG Kerk Nieuwoudtsville. **Aandete en oornag Klawer.**

SO 30 AUG

Na ontbyt vertrek ons na Springbok en oppad besoek ons die **toeristewinkel op Garies** waar ons koffie drink, iets eet en die lekker atmosfeer van die winkel geniet. Ons sal 'n paar **rieldansers** reël om vir ons te kom dans! Die roete neem ons verder na **Kamieskroon en Springbok**. Ons besoek ook **Nababeep** en verlustig ons in die skouspel van **oranje blomme.** **Aandete en oornag Springbok.**

MA 31 AUG

Na ontbytbesoek ons die **Springbok Kafee** wat uitstallings het van **edelgesteentes, boeke en kaarte oor Namakwaland**. Ons ry verder deur dorpe soos **Pofadder en Keimoes**, waar ons stop by die bekende **Keimoes Padstal**, hier koop ons heerlike vars dadels en droë vrugte. Ons besoek ook die **Augrabiese waterval** wat 145 m oor die rotse stort. Die waterval het sy naam gekry van die Hottentot woord **"aukoerebis"** wat **"groot geraas"** beteken. Besoek Upington wat in die **Oranjerivierallei** geleë is. Ons besigtig die **langste palmlaning** in Suid Afrika asook die **donkie en kameel standbeeld. Aandete en oornag Upington.**

DI 1 SEP

Na ontbyt vertrek ons op ons laaste skof huistoe. **By Kuruman stop ons by die Oog,** 'n onuitputlike **fontein** van vars water wat 'n rol gespeel het met die plasing van die dorp. Dit is die **grootste natuurlike fontein in die Suidelike halfrond**. Die fontein lewer daagliks **20 miljoen liter water** wat in die hele dorp se behoeftes voorsien asook besproeiing. Dit is in **1992 tot 'n Nasionale Monument verklaar**.

Ons reis neem ons terug na Pretoria en ons arriveer ongeveer 17:00 – 17:30.

Hierdie toer en die wonderlike herinneringe aan Namakwaland, die veldblomme en die nostalgie van die Weskus, sal u nog vir lank bybly!

NAMAKWALAND EN WESKUS TOER 2			25 AUG – 1 SEP 2020	
Deposito	**Prys**	**Enkelbybetaling**	**Vertrek om**	**Opklimpunt**
R2 000	R12360	R1935	06:00	Garden Court Hotel
Bankbesonderhede	• Rekening naam: AMT • Bank naam: FNB Tjekrekening • Rekening nr: 626 168 615 07 • Takkode: 254 005			
Verwysingsnommer	• Gebruik asb die volgende verwysingsnommer anders kan ons nie u betaling allokeer nie: • NKW2 gevolg deur **u van** [bv NKW2-Minnaar]			
Kontant inbetalings	GEEN KONTANT INBETALINGS WORD AANVAAR NIE • Epos voltooide inskrywingsvorm en bewys van betaling na info@minnaartoere.co.za of faks na 086 497 1243 met u naam, van en toer waarvoor betaling gedoen is.			
Deposito	• Deposito van R2000 betaalbaar met bespreking. • Die balans is betaalbaar 45 dae voor die toer se vertrekdatum.			
Toerprys sluit in	• Vlug vanaf Lanseria na Kaapstad • Vervoer in luukse bus • Goeie akkommodasie • Ontbyt en aandete elke dag • Alle toegangsgelde soos op program aangedui Besienswaardighede by hierdie toer ingesluit is soos volg: • Kuruman Oog • Langste Palmlaning, Donkiestandbeeld, Upington • Augrabiese Waterval • Keimoes se Padstal • Springbok Kafee vir boeke, kaarte en half edelgesteentes • Garies se toeristewinkel • Muisbosskerm Opelug Restaurant op strand: Aandete • Rooibostee Fabriek • Ramskop Veldblomtuin • Bokkemlaan, Velddrif • Paternoster winkel en hotel • Cape Columbine en Tietiesbaai • Matjiesfontein Blomplaas • Waterval by Nieuwoudtsville • Postberg Natuurreservaat • Kirstenbosch, Seinheuwel • Bootrit na Duiker Eiland			

Toerprys sluit uit	• Uitgawes van persoonlike aard • Middagetes • R90 pp fooitjie vir gidse & bagasiehantering tydens die toer • R90 pp minimum bydrae vir busbestuurder
Belangrik	• Alle roetes, toerpryse, busse en datums van toere en uitstappies is onderhewig aan verandering.

Namakwaland en die Weskus het hul eie bekoring en daar is soveel om te sien en te beleef! Die blomme is 'n bonus!!!

Kom toer saam met ons deur Namakwaland en die Weskus
vir die ervaring van 'n leeftyd!

Vriendelike groete,

Elzette Minnaar